

## FEITEBLAD: VERHOOGING VAN STUDENTEGELDE VIR 2016

By die Universiteit Stellenbosch word verhogings in studentegelde bepaal deur die Universiteit se begrotingsmodel, met inagneming van die Universiteit se waardeproposisie wat ons studente direk bevoordeel. Dit sluit in goed-bestuurde infrastruktuur; sport en ontspanningsfasiliteite; mentors en tutors om akademiese sukses te ondersteun; student-gesentreerde sosiale en akademiese ruimtes om leer te fasiliteer; 'n wêreldklas-biblioteek en inligtingsdiens; kampusgesondheidsdienste; studenteberading en -ontwikkeling; een van die beste deurvloeielyfers in die land en 'n gesogte kwalifikasie onder werkgewers. Vir 2016 het die Universiteit Stellenbosch boonop 28 000 aansoeke ontvang vir sy 6 000 beskikbare plekke vir eerstejaars.

Universiteite funksioneer binne dieselfde ekonomiese werklikhede as die regering en die sakesektor, en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding verwag van tersiêre instellings om finansiël volhoubaar te wees. Daar was 'n konsekwente afname in regeringsfondse vir hoër onderwys, maar ook 'n bestendige styging in die koste van munisipale dienste, waaronder elektrisiteit, eiendomsbelasting en water, asook instandhouding en boukoste. Vir die tydperk 2015/2016 beloop die staat se begroting vir universiteite 0,72% van die bruto binnelandse produk. Dit is relatief laag in vergelyking met kontinentale (0,78% in 2011) en internasionale (0,84%) tendense. In Suid-Afrika dra die staat gemiddeld 40% by tot die inkomste van 'n universiteit, maar die Universiteit Stellenbosch ontvang minder as 24% van sy inkomste van die regering.

### TOENAME IN STUDENTEGELDE 2016

Staatsubsidie: inflasiekoers

- Akademiese aanbod word befonds uit twee bronne: staatsubsidie en studentegelde.
- Staatsubsidie vir 2016: geskat op 3,1% in vergelyking met die verwagte verbruikersprysindeks (VPIX) van 6,2%.
- Inflasiekoers vir die hoëronderwyssektor is hoër as die VPIX weens salarisse (menslike kapitaal), sowel as instandhouding en konstruksie. 'n Studie deur UNISA in 2014 dui daarop dat die inflasiekoers vir hoër onderwys gemiddeld 1,8% hoër as die VPIX is.
- Die aard van universiteit-spesifieke aktiwiteite speel ook 'n rol in hierdie syfer – wat hoër sal wees vir navorsingsgedrewe universiteite soos die Universiteit Stellenbosch, omdat duur toerusting van oorsee ingevoer moet word.
- Die Universiteit Stellenbosch se interne inflasie vir 2016 is bereken op 9,49% (10,22% in 2015).
- Indien die hoëronderwyssektor 'n staatsubsidie van 6,2% (gelykstaande aan VPIX) sou ontvang, sou 'n toename van 8,6% in studentegelde voldoende gewees. As die regering 'n staatsubsidie gelykstaande aan die sektor-inflasiekoers sou toeken ( $6,2\% + 1,8\% = 8\%$ ), sou 'n toename van slegs 6% in studentegelde nodig wees.

Strategiese uitgawes

Die Universiteit se begroting stem ooreen met die Institusionele Plan, wat die praktiese implementering van Visie 2030 en die doelwitte in die Institusionele Voorneme en Strategie bepaal, geïnisieer deur wyle prof Russel Botman: "Ons uitgangspunt is dat die begroting ons strategie moet ondersteun en dat voldoende befondingtoekennings benodig word om ons strategie uit te voer."

Die instelling se strategiese uitgawes is in belang van sy studentegemeenskappe, en dit is gefokus op sy kernbedrywighede van leer en onderrig, navorsing en innovasie, en sosiale

impak en transformasie. Sommige inisiatiewe is reeds vroeër geïnisieer en aan die gang, terwyl daar nuwe projekte vir 2016 en daarna beplan word.

- **Kampussekuriteit:** Die Universiteit Stellenbosch moes oor die afgelope drie jaar 'n substansiële bykomende belegging maak in kampussekuriteit weens die styging in misdaad op en rondom die kampus (soos ook elders in Suid-Afrika), waaronder kiosks op straathoeke, meer patrollies te voet of in voertuie, sekuriteitswagte wat studente kan vergesel, asook sekuriteitskameras. Omdat die voortsetting van hierdie dienste noodsaaklik is vir die veiligheid van ons studente, moet die addisionele koste hiervan bygevoeg word by die jaarlikse begroting. Hierdie maatreëls hou verband met normale dag-tot-dag sekuriteitsmaatreëls (nie studentesaamtrekke en -aktiwiteite nie).
- **Studentefasiliteite:** Omdat slegs 'n klein persentasie studente in universiteitskoshuise gehuisves kan word, het die Universiteit Stellenbosch klusters en nawe (*hubs*) geskep om te verseker dat koshuisstudente en privaatstudente (PSO) toegang tot soortgelyke fasiliteite het.
- **Strategiese uitgawes** sluit ook in nuwe transformasie-inisiatiewe, soos die Kantoor vir Transformasie, en byna R70 miljoen vir die versnelling van die diversiteit van senior akademiese personeel.
- Die Universiteit Stellenbosch ag sy fisiese infrastruktuur as 'n strategiese bate en as 'n instaatsteller van volhoubare akademiese uitsette en om derde-stroominkomste te genereer, asook vir die implementering van die *Institusionele Voorneme en Strategie*. Die Kampushernuwingsplan is gebaseer op goeie, langtermyn geïntegreerde beplanning en sal voltooi word oor 'n geskatte periode van sewe jaar. Een van hierdie prioriteit is die opknapping van die HB Thom-teater.
- Inisiatiewe ter bevordering van sport en ontspanning, en studentemobiliteit; asook die Inligtings- en Kommunikasietegnologieprojek.
- Die dosent/student-verhouding verkeer onder ernstige druk by die Universiteit Stellenbosch en addisionele befondsing word nodig om die akademiese risiko aan te spreek.

#### Beurse en lenings

Die Universiteit Stellenbosch bied merietebeurse (gebaseer op akademiese prestasie) aan alle kwalifiserende voorgraadse studente; voorgraadse werwingsbeurse aan slegs swart, bruin en Indiër- studente (SBI); verdienstelikhedsbeurse aan arm studente, wat bepaal word deur 'n middele-toets; asook nagraadse beurse.

In 2010 het die US altesaam R71,1 miljoen van sy hoofbegroting aan beurse bestee, in vergelyking met R104 miljoen in 2014. Van die 18 254 voorgraadse studente in 2014 het 7 369 beurse ontvang. Van die 7 369 beurshouers was 4 066 SBI studente. Tot en met 2013 was werwingsbeurse 'n vasgestelde bedrag per jaar, maar dit is sedert 2014 verander. Wanneer klasgelde verhoog word, verhoog werwingsbeurse dienooreenkomstig. Ingeskrewe studente wat deur die vorige ooreenkoms (voor 2014) benadeel is, sal addisionele finansiële bystand ontvang.

In 2000 het sowat 28% van studente beurse ontvang. In 2015 staan dié syfer op 38%. Sowat 50% van studentegelde word in die vorm van beurse aan studente teruggegee. Vir 2016 het die Universiteit R134 miljoen uit die hoofbegroting vir beurse bewillig.

Die Universiteit Stellenbosch is daartoe verbind om behoeftige studente by te staan. Dit is onwaarskynlik dat 'n student wat aan die vereistes van die NSFAS middele-toets voldoen, nie op

een of ander manier deur die beurse- en leningskantoor bygestaan sal word nie. Indien studente kwalifiseer vir addisionele finansiële ondersteuning, kan werwingsbeurse aangevul word deur befondsing uit ander bronne.

Studente met goedgekeurde beurse en lenings kan bewys hiervan tydens registrasie lewer en hoef dan nie die eerste paalement vooruit te betaal nie. Studente sonder finansiële bystand kan ook die eerste paalement oor drie maande afbetaal.

Weens die kwynende staatsubsidies en in 'n poging om klasgelder in bedwang te hou, volg die Universiteit Stellenbosch 'n geïntegreerde, ses-jaar deurlopende begrotingsmodel. Dit plaas die US in 'n unieke posisie om akkurate vooruitskattings te doen oor strategiese uitgawes, en op grond daarvan sal verhogings ná 2016 na verwagting laer wees as die 11,5% wat in 2016 nodig is.

Die surplus van R1,4 miljard wat in die 2014 jaarverslag aangedui word, vloei voort uit geormerkte fondse soos navorsingskontrakte en rente op beleggings. Fondse wat deur navorsingskontrakte gegenereer word, bevoordeel studente deur beurse vir nagraadse studie en toerusting.

/-----/